

## Les 7: IS DAAR 'N HELVUUR?

Is daar 'n moontlikheid dat ek hel toe gaan? Is daar van my geliefdes alreeds in die hel? Wees gerus, daar is geen rede tot bekommernis nie. Die hel is nie wat die meeste mense dink dit is nie. Die Bybel onthul die gerusstellende waarheid oor hierdie raaiselagtige onderwerp.

### 7.1 Die Filosowe

Sedert die tyd van Messias was daar 'n paar invloedryke mense wie se geskifte en leerstellings so universeel aanvaar geword het dat wat hulle, in plaas van wat Yahshua gesê het, die aanvaarde leerstellings van die Christelike wêreld geword het. Een van die belangrikste en mees invloedryke skrywers was Augustinus (354-430 NM). Augustinus het geredeneer dat daar 'n tydelike reiniging van onvolmaakte siele in 'n vagevuur moet wees. Augustinus en baie ander vroeë Christelike teoloë is beïnvloed deur "voor Christelike leringe" aan die leer van die antieke heidense filosowe en ander vroeë kerkvaders (sien Encyclopedia Britannica, 11de uitg., Artikel "Purgatory").

Dante Alighieri (1265-1321), die gewilde digter van "La Divina Commedia", het die gedig in drie dele geskryf, naamlik Hel, Vagevuur en die Paradys.

"Van al die digters van die moderne tye," sê 'n moderne skrywer, "was Dante Alighieri, miskien, die grootste opvoeder. Hy het moontlik 'n groter invloed op die verloop van die beskawing gehad as enige ander man sedert sy dag. ... [Hy] het... 'n verbeeldingryke en gure rekening van 'n somber reis deur 'n gure hel geskryf - 'n lang gedig met sekere frases wat die aandag van die wêreld vasgevang het. (Thomas N. Page, Dante and His Influence, pp. 3, 7, eie vertaling).

Dante was na berig so gefassineer en vasgevang deur die idees en filosofieë van Plato en Virgil dat hy geglo het dat hulle goddelik geïnspireerd was.

### 7.2 Wie was Plato en Virgil?

Volgens die Ensiklopedie Americana: "Virgil, heidense Romeinse digter, 70-19 VM, behoort aan die Nasionale Skool van heidense Romeinse denke, beïnvloed deur die Griekse skrywers, Christene van die Middeleeue, insluitende Dante, het geglo dat hy 'n mate van goddelike inspirasie ontvang het." (eie vertaling).

Plato, 'n Griekse filosoof, gebore in Athene, 42 VM, was 'n student van die bekende Sokrates. Plato se beroemde literêre werk "Phaedo" bespreek die onsterflikheid van die siel. Die werk het die grondslag gelê vir talle ander geskrewe werke oor 'n ewige hel vir goddelose siele as vermoedelike straf. Die wêreld se konsep van die hel is dus weliswaar 'n produk van menslike denke en spekulasie! Vir menigte mense is die uiteindelijke lot van die verlore en die goddelose egter nogsteeds 'n raaisel.

### 7.3 Wat sê die Bybel oor die hel en watter straf sal diegene ontvang wat nie ophou sondig nie?

*Mark 9:43 En as jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur,*

Wat het Yahshua bedoel met hierdie Aramese idioom? Natuurlik het Hy nie bedoel dat ons letterlik dele van ons liggaam moet afkap nie, maar eerder om op te hou sondig deur dit wat ons met die hand doen of dit waarna ons met die oog kyk. "Hell" is 'n Engelse woord. Markus het Yahshua se woorde in Grieks aangeteken. Markus was geïnspireer om die Griekse woord "gehenna" neer te skryf wat in Engels as "hell" vertaal word. Volgens vers 43 sê Yahshua "in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur," met ander woorde, diegene wat na "gehenna" gestuur word sal gestraf word met vuur. Hou in gedagte dat Yahshua die Griekse woord "gehenna" met vuur assosieer.

Yahshua beklemtoon dit wat Hy in *Markus 9:43* sê in *vers 45*.

*Mark 9:45 En as jou voet jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om kreupel die lewe in te gaan, as om twee voete te hê en in die hel gewerp te word in die onuitbluslike vuur,*

Markus het dieselfde Griekse woord “gehenna” geskryf in *vers 45* as wat hy gebruik het in *vers 43*. Die vertalers van die Authorized King James weergawe van die Bybel van AD 1611 het die Engelse woord "hell" gekies om hierdie Griekse woord “gehenna” te vertaal. Ons sal later meer leer oor die ware betekenis van hierdie woord.

#### **7.4 Die misbruik van die woord "hel"**

'n Woordeboek van die Bybel, geredigeer deur James Hastings, sê die volgende oor die gebruik van die woord hel in die Ou en Nuwe Testament. Wanneer jy dit lees moet jy in gedagte hou dat die Ou Testament oorspronklik in Hebreeuse, en die Nuwe Testament oorspronklik in Aramese geskryf was voor dit eerste in Grieks en toe later uit die Grieks nog verder vertaal was.

Hastings sê: "In ons “Authorized Version” word die woord "hel" ongelukkig gebruik vir die lewering van drie verskillende woorde met verskillende idees [of betekenis]. Dit verteenwoordig die "sheol" van die Hebreeuse Ou Testament, en "hades"... van die Nuwe Testament ... Dit is nou 'n heeltemal misleidend lewering, veral in die Nuwe Testament teksverse. Die Engelse vertalers het dus "Hades" vervang [terug na die oorspronklike Griekse woord] met "hel" in die nuwe Testament ... in die Amerikaanse hersiening is die woord "hel" geheel en al weggegooi in hierdie verband ..." (eie vertaling)

Geen wonder dat miljoene mense verward is oor hierdie onderwerp nie.

#### **7.5 Wat beteken hierdie woorde regtig?**

Die Ou Testament gebruik die Hebreeuse woord “sheol” en die Nuwe Testament gebruik die Griekse woord “hades” wat dieselfde betekenis het, naamlik die graf. Hierdie woorde was korrek vertaal as graf op menigte plekke in die Bybel. Nietemin was hierdie woorde ook vertaal as hel.

Meer as 350 jaar gelede, toe die Authorized Version vertaal was, het die mense van Engeland algemeen gepraat van "putting their potatoes in hell for the winter" wat verwys na 'n goeie manier van die behoud van aartappels. Dit verwys na 'n gat in die grond wat bedek was met grond, met ander woorde, 'n donker en stil plek, soos 'n graf. Maar wanopvattinge veroorsaak dat mense die woord hel waninterpreteer en eerder die guur versinsel van Dante daaraan konnoteer.

Die tweede Griekse woord “tartaros” word gebruik as werkwoord in die Nuwe Testament. Dit is slegs in *2 Petrus 2:4* waar dit vertaal word as "...in die hel gewerp...". Die woord “tartaros” verwys nie na mense nie maar aan die opgehoue toestand van gevalle engele (of demone). Die betekenis daarvan, vertaal in Afrikaans, is "donkerte van die materiële heelal", "donker afgrond" of "tronk".

Maar wat van die hel? Hierdie Griekse woord word afgelei van die naam van 'n smal, rotsagtige Vallei genaamd Hinnom geleë net buite Jerusalem. Dit was die plek waar vullis verbrand was. Asblik vullis, lyke van diere, asook lyke van veragte misdadigers was in die vure van gehenna (Vallei van Hinnom) gegooi om tot niet te brand. Daarom gebruik Messias die beeld van “gehenna” om die lot van onbekeerde sondaars uit te beeld.

#### **7.6 Die verskillende vorme van hel**

In baie van die gedeeltes van die Nuwe Testament waar ons die woord "hel" sien, is die Griekse woord nie “gehenna” nie, maar “hades” wat nie na 'n brandende vuur verwys nie, maar eerder 'n graf

of gat bedek met grond. Vertalers is heeltemal verward met die twee konsepte en vervaag die twee verskillende betekenis van hierdie woorde deur die onoordeelkundige lewering van dieselfde Engelse woord "hell". Kom ons bestudeer die bewyse

### 7.7 Wat het Yahshua oor "die hel" gesê in Lukas 12:5?

*Luk 12:5 maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees: vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!*

Die Griekse woord wat hier in Afrikaans as hel vertaal word, is "gehenna". Onthou, ons het al klaar vasgestel dat gehenna die plek was waar dooie liggame gegooi was om op gebrand te word.

Hoe word dieselfde woord "hel" gebruik in *Handelinge 2:31*?

*Hand 2:31 het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek van die opstanding van Messias, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie.*

In die vers word die Griekse woord "hades" vertaal as die doderyk. "Hades" beteken die graf en word korrek in hierdie vers gebruik. Die woord "hel" kan dus verskillende betekenis hê. Wanneer ons dus die woord "hel" in die Nuwe Testament gewaar (behalwe vir 2 Petrus 2:4) moet ons die twee verskillende betekenis in gedagte hou om noukeurig te kan bepaal wat die konteks daarvan is. Verwys dit na die vernietigende vuur, of die graf waar die oorledene begrawe lê. Wanneer jy twyfel oor die betekenis van die woord hel in die Nuwe Testament, slaan dit na in die Exhaustive Concordance soos, Strong's of Young's, om te sien watter Griekse woord dit is en vanwaar die ware betekenis afkomstig is.

### 7.8 Waarheen gaan ons na die dood? 'n Paar belangrike skrifgedeeltes illustreer hierdie belangrike begrip.

7.8.1 Die dooie lê rustig en stil asof in 'n diepe slaap en is heeltemal onbewus van alles rondom hom.

*Pred 9:5 Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet.*

7.8.2 Beide mens en dier kom tot sterwe.

*Pred 3:19 Want die lot van die mensekinders is ook die lot van die veediere: hulle het een en dieselfde lot; soos die een sterwe, so sterwe die ander, en hulle almal het dieselfde asem, en 'n voorkeur van die mens bo die veediere is daar nie; want alles is tevergeefs.*

7.8.3 Almal gaan na een en dieselfde plek wanneer hulle sterf.

*Pred 3:20 Alles gaan na een plek toe; alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug.*

*Gen 3:19 In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.*

7.8.4 Daar is geen nagedagtenis van Elohim in die dood nie.

*Ps 6:5 Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?*

Die dood is die teenoorgestelde van die lewe. Die dood is die beëindiging van alle aktiwiteite, die einde van die lewe.

### 7.8.5 Waarheen sê Yahweh gaan die mens wanneer hul sterf?

*Pred 9:10 Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorlog of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie.*

7.8.6 Wanneer 'n gelowige sterf gaan hul nie hemel toe nie, maar "slaap" in die graf. Sonder medewete lê en wag hul vir die opstanding met die wederkoms van Yahshua die Messias.

*1 Kor 15:20 Maar nou, Messias is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wa ontslaap het.*

*1 Kor 15:22 Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Messias **lewend** gemaak word;*

*1 Kor 15:23 maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Messias, daarna die wat aan Messias behoort **by sy koms**.*

Jy het seker al gehoor dat sommige predikante verkondig dat ongelowiges direk na die hel-vuur gaan wanneer hulle sterf. As daar 'n plek van ewige pyniging bestaan sou dit beteken dat hulle veroordeel word tot 'n vurige inferno voordat hulle formeel beoordeel en veroordeel gaan word. Let wel, Yahweh sal die wat reeds gesterf het en die wat nog gaan sterf, soos volg geoordeel.

*Joh 5:28 Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor*

*Joh 5:29 en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.*

Dit bewys vanuit die Skrif dat die wat gesterf het sonder Yahshua se verlossing nie in 'n ewige vuur gepynig sal word nie. Hulle is nou dood. Maar daar kom 'n tyd ("die uur kom," sê Yahshua) wanneer hulle opgewek sal word om geoordeel te word.

*Openbaring 20: 5, 11 en 12* is ook bewys dat daar 'n toekomstige opstanding tot oordeel sal wees. (Let daarop dat die eerste sin in vers 5 'n parentetiese verklaring is wat tussen verse 4 en 6 geplaas word om die eerste opstanding te beskryf).

*Op 20:5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.*

*Op 20:11 En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.*

*Op 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor Elohim sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.*

Sommige van die dooies, die wat "dood in die Messias" is, sal opgewek word tot die ewige lewe in die eerste opstanding met Yahshua se tweede koms.

*1 Tess 4:16 Want Yahweh self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van Elohim; en die wat in Messias gesterf het, sal eerste opstaan.*

*1 Tess 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word Yahweh tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by Yahweh wees.*

Maar die "res van die dooies", die ongeredde dooies, sal nie opgewek word tot menslike lewe in die Millennium nie, maar wel by die tweede opstanding, na verloop van 'die duisend jaar, tot veroordeling.

Die Groot Wit Troon Oordeel word beskryf in *Openbaring 20:11-12*. Dit is die tydperk wanneer die oorgrote meerderheid van die mensdom (die dooies en die meeste wat nou lewe) opgewek sal word om geoordeel te word volgens die dinge wat hulle gedoen het terwyl hulle geleef het. Hierdie geskifte bewys dat die oordeel eers kom by die Wit Troon oordeel en nog nie gebeur het nie. As hulle reeds in die hel brand dan sou hulle alreeds geoordeel wees, wat die Bybel duidelik sê nog nie gebeur het nie.

*Op 20:13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die **doderyk** het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.*

*Op 20:14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.*

*Op 20:15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.*

Na die Groot Wit Troon Oordeel tydperk sal die wie se naam in die boek van die lewe opgeskryf staan Yahweh se Koninkryk binnegaan, maar die onverbeterlike goddelose, wat op see of land omgekom het, sal dan formeel beoordeel word deur Yahweh en gevonnissen word tot die ewige dood in "gehenna", die poel van vuur. Die Bybel sê duidelik dat die dooies dood is en dat die tyd wanneer die ongeredde dooie geoordeel word nog in die toekoms is.

Wat is die uiteindelijke straf van die sonde? Is dit 'n ewige lewe in foltering? Of is dit die ewige vergetelheid? Wat is die uiteindelijke lot van onverbeterlike sondaars? Die Bybel maak die waarheid baie duidelik.

*Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van Elohim is die ewige lewe in Yahshua Messias, onse Adonai.*

Die loon van die sonde is die dood. Die dood is die teenoorgestelde van die lewe. Die finale loon wat die onverbeterlike sal ontvang is die volledige beëindiging van die lewe.

Paulus waarsku ons en sê spesifiek wat die uitspraak of vonnis sal wees vir diegene wat Yahweh se geboorte en Sy manier van lewe ken, maar voortgaan om opsetlik daarteen te sondig. Heb 10:27 stel dit duidelik dat die opsetlike sondaar "verteen" sal word deur 'n vuurgloed.

*Heb 10:26 Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,*

*Heb 10:27 maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer.*

*Heb 10:28 As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie;*

*Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?*

*Heb 10:30 Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel.*

Messias sê vir die onboetvaardige skrifgeleerdes en Fariseërs: "*Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug?*" (*Matt 23:33*)

Die Griekse woord hier vertaal as hel is "gehenna" wat verwys na die Vallei van Hinnom. Yahshua gebruik die vullis-vuur wat gebrand het in die Vallei van Hinnom as 'n tipe finale lot of totale vernietiging van die goddelose deur 'n brandende vuur. Die rebelse en hardnekkige skrifgeleerdes en Fariseërs het Yahshua se analogie goed verstaan. Hulle het geweet dat hulle gedreig was met die volkome vernietiging in die vuur.

Verder waarsku Yahshua wat sal gebeur met diegene wat nie bekeer van hul sondige weë nie.

*Luk 13:3 Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.*

Om te "vergaan" beteken om op te hou bestaan. Dit beteken nie om voort te gaan met lewe nie. Yahweh sal nie toelaat dat onverbeterlike sondears tot in ewigheid brand in 'n hel-vuur nie. Die straf wat in die Bybel geopenbaar word is die dood. Die beëindiging van die lewe. Ons word nie gebore met die ewige lewe nie. Dit is 'n geskenk van Yahweh wat Hy sal skenk aan die wat Hom gehoorsaam (*Rom 6:23*). Die ewige lewe en die dood is in teenstelling regdeur die Bybel.

Yahshua het met sy gelykenis van die onkruid bewys dat daar 'n toekomstige oes sal wees. Die bose mense is die "onkruid" wat verbrand sal word.

*Matt 13:30 Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.*

In hierdie gelykenis vergelyk Yahshua die aarde met 'n veld (*vers 24*), die gehoorsame mense met koring (*verse 25, 29*), en die ongehoorsames met onkruid (*verse 25, 29-30*).

*Maleagi 4:1* bewys ook die uiteindelijke lot van die goddelose. Die vuur sal so warm wees dat dit die bose volkome sal verteer. Niks sal oorbly nie behalwe die as wat soos stof vertrap sal word.

*Mal 4:1 Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê Yahweh van die leërskaer; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie.*

*Mal 4:2 Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.*

*Mal 4:3 En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê Yahweh van die leërskaer.*

Die poel van vuur wat in die Bybel beskryf word sal duisende grade warmer wees as die denkbeeldige hel-vuur waarvan die meeste predikers praat wat slegs warm genoeg is om te straf. Die Bybelse vuur poel sal die ongehoorsames heeltemal verteer sodat hulle nooit weer bestaan nie.

Die Bybel sê duidelik aan diegene wat "die grootste en kosbare beloftes" (*2 Pet 1:4*) gegee word, dat opsetlik ongehoorsaamheid en 'n weier om te berou die loon van die sonde sal ontvang (*Rom 6:23*).

Die Skrif bedoel wat dit sê. Die pogings van baie teoloë om die dood weg te redeneer en dit eerder as "skeiding van Elohim" te interpreteer kan nie met die Skrif versoen word nie. Die dood beteken nie 'n ewige lewe in die verskriklike pyniging van 'n ewige hel nie. Die skrywer van hierdie misleiding is niemand anders as die vader van leuens, Satan, die duiwel (*Joh 8:44*).

## **7.9 Wat is die "poel van vuur"? Wanneer en waar sal dit plaasvind?**

Hier kom nou 'n baie interessante openbaring.

*Op 21:8 Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodediensars en al die leuenaars, hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.*

Daar is reeds bewys dat die "gehenna" vuur die lot van die goddelose is. Met ander woorde, die hel en die poel van vuur ("gehenna") is dieselfde.

*Heb 9:27 "En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel..."*

Ons is geskape as sterflike wesens. As iemand die tweede dood sterf beteken dit dat daardie persoon uit die graf verwek was om deur Yahweh geoordeel te word en skuldig bevind was aan aanhoudende ongehoorsaamheid en rebellie. Die tweede dood is die totale uitwissing van daardie persoon se wese en nagedagtenis. Let asseblief dat dit die tweede dood is. Nie 'n ewige lewe in Satan se helvuur nie.

*2 Pet 3:7 Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggeleë en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense.*

*2 Pet 3:10 Maar die dag van Yahweh sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.*

*Op 20:15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.*

Dit is Yahweh se beskrywing van die finale hel-vuur wat nog in die toekoms voorlê. Dit het nog nie plaasgevind het. Nêrens in die Bybel is dit aangeteken dat siele op die aarde sal neerdaal om in die hel-vuur vir alle ewigheid gemartel te word nie. Inteendeel, die Bybel sê vir ons dat alle bese mense en hul werk vernietig sal word.

*Mal 4:3 "...hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep..."*

Kan stof of as vir ewig en ewig gepynig word? Natuurlik nie! Die dood wat die goddelose sterf sal 'n straf vir altyd en ewig wees, met ander woorde, verwyder vanuit tyd en ewigheid – hy sal nie vir ewig, elke dag tot in ewigheid gestraf en gemartel word nie. Die "loon van die sonde is die **dood**" (Rom 6:23) nie 'n ewige lewe in "gehenna" nie.

*Ese 18:4 Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun—hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe.*

Wat sê Johannes die Doper van die "onuitbluslike vuur"?

*Matt 3:12 Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand.*

*Luk 3:17 Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring saambring in sy skuur, maar die kaf met onuitbluslike vuur verbrand.*

Yahshua het gesê dat die helvuur 'n "onuitbluslike vuur" is. Onthou die Griekse woord vir hel in verse 43, 45 en 47 is "gehenna".

*Mark 9:43 En as jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in die hel ("gehenna") te gaan in die onuitbluslike vuur,*

*Mark 9:45 En as jou voet jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om kreupel die lewe in te gaan, as om twee voete te hê en in die hel (gehenna) gewerp te word in die onuitbluslike vuur,*

*Mark 9:47 En as jou oog jou laat struikel, pluk dit uit. Dit is beter vir jou om met een oog die koninkryk van Yahweh in te gaan, as om twee oë te hê en in die helvuur ("gehenna") gewerp te word,*

Mense aanvaar gelate dat die "onuitbluslike vuur" 'n vuur van marteling is wat eeue lank bestaan en vir ewig sal voortgaan om te bestaan. Dit is egter bewys dat die idee absoluut vals is. Yahweh het meer as 2500 jaar gelede die inwoners van Jerusalem waarsku dat Hy 'n onuitbluslike vuur in Jerusalem se poorte sal aansteek wat selfs die stad se paleise sal verteer.

*Jer 17:27 Maar as julle na My nie luister om die sabbatdag te heilig nie en om geen las te dra of deur die poorte van Jerusalem op die sabbatdag in te gaan nie, sal Ek 'n vuur in sy poorte aansteek, wat die paleise van Jerusalem sal verteer en nie uitgeblus sal word nie.*

*Jer 52:13 en hy het die huis van Yahweh en die paleis van die koning verbrand; ook al die huise van Jerusalem en elke groot huis met vuur verbrand.*

Dit brand het dus 'n paar jaar later plaasgevind en al die huise van Jerusalem vernietig. Yahweh het gesê dat die brand "nie uitgeblus sal word nie", maar omrede dit vandag nie meer brand nie beteken dit natuurlik dat die vuur alle brandbare materiaal verslind het.

### **7.10 Die straf van die berugte stede Sodom en Gomorra**

*Gen 19:24 En Yahweh het swawel en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van Yahweh uit die hemel,*

*Luk 17:29 Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig.*

*Judas 1:7 soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan.*

Brand Sodom en Gomorra vandag nog met die vuur wat Yahweh jare gelede gebruik het om die stede te vernietig? Natuurlik nie! Gomorra word elke jaar op ons Pelgrims toer besoek. Jy word hartlik uitgenooi om saam te kom en self die oorgeblewe as te sien van die vuur van 4000 jaar gelede. Daar is tot vandag toe nog swawel balle van verskillende grotes te sien, maar die vuur brand nie meer nie.

Die uitdrukking "ewige vuur" in Judas 1:7 beteken 'n vuur waarvan die resultate permanent of vir ewige is. Dit beteken nie 'n ewig brandende vuur nie. Sodom en Gomorra was eeue gelede met 'n banvloek getref, maar dit brand nie vandag meer nie. Die vure wat hierdie goddelose getref het, het uitgebrand nadat alle brandbare materiaal vernietig was. Hierdie geskifte bewys dat die "onuitbluslike vuur" nie mense vir ewig sal pynig nie.

Die vure in Sodom en Gomorra was nooit deur enige iemand geblus nie. Die vlamme het uitgebrand toe daar niks meer oor was om te vernietig nie. Net so sal dit wees met die finale "gehenna" vuur wat die goddeloses sal verbrand. Dit sal 'n onuitblusbare vuur wees wat deur niemand geblus sal word nie, maar dit sal uiteindelik self uitbrand.

### **7.11 Wat word bedoel met "wurm wat nie sterf"?**

'n Ontstellende verklaring word gevind in *Markus 9:44, 46 en 48*. In hierdie verse praat Yahshua van 'n wurm wat nie sterf nie. Verwys dit na onsterflike wurms? Sommige mense dink dat Yahshua verwys na mense as wurms en dat Hy probeer sê dat sulke "mense" nooit sterf nie, maar vir ewig voortleef in folterende marteling. Mense wat dit glo, versuim om te sien waarvan Yahshua gepraat het. Die goddeloses is nie self die "wurm" nie, so wat is hierdie geheimsinnige "wurm" wat nie sterf nie? Yahshua het duidelik verwys, soos die voetnotas van baie Bybels aandui, dat "hulle wurm", die wurm of maaier van 'n karkas is.



*Jes 66:24 En hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen My opgestaan het; want hulle wurm sal nie sterwe en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie, en hulle sal afgryflik wees vir alle vlees.*

Vir diegene wat al ooit 'n verrottende karkas gesien het sal die antwoord voor die hand liggend wees. Om die saak bo alle twyfel te stel, gaan slaan dit na in 'n Leksikon. Die woord maaier (maggot) word beide in die Griekse en die Hebreeuse woorde vertaal as "wurm", soos gebruik in *Markus 9:44 en Jesaja 66:24*.

'n Dooie liggaam wat in die Vallei van Hinnom gegooi was het soms te lande gekom op 'n rotslys net bokant die vuur. Vlieë sou op die dooie liggaam toesak en eiers lê op die dooie karkas wat dan larwes vorm, 'n metamorfose ondergaan en uiteindelik ontwikkel as 'n wurm / maaier. Yahshua het dus na hierdie wurms verwys toe hy gesê het, "hulle wurm sterf nie". Yahshua het nie bedoel dat elke individuele wurm voortgegaan om vir ewig te lewe nie. Die larwes broei uit die eiers, eet die verrotte vlees en leef vir 'n paar dae in die vorm van 'n larwe. Metamorfose vind plaas en uiteindelik ontwikkel die maaier in 'n vlieg, met ander woorde, die wurm sterf nie, maar word 'n vlieg. Mettertyd sterf die vlieg, maar in die area was daar altyd nuwe wurms. Die teenwoordigheid van wurms het "nooit" gesterf nie.

Die misverstand van Yahshua se eenvoudige verklaring moet 'n goeie les wees vir ons om Elohim se Woord met wysheid en 'n gesonde verstand te bestudeer. Yahshua het 'n Aramese idioom gebruik om te wys dat die onbekeerlike en onberouvolle sondaar vir ewig dood sal wees.

## **7.12 Die Gelykenis van Lasarus en die Ryk Man**

Yahshua se gelykenis van Lasarus en die ryk man (*Lukas 16:19-31*) word die meeste deur mense gebruik wat probeer bewys dat daar 'n ewige hel-vuur sal wees. Wat wou Yahshua in *Lukas 16:19-31* illustreer? Kom ons bestudeer hierdie gelykenis en vergelyk dit met ander Bybel tekste.

*Luk 16:22 En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.*

Lasarus het as 'n arm, maar regverdige man gesterf. As ons volgelinge van Messias is, sal ons saam met Abraham erfgename wees wat die beloftes sal ontvang wat Yahweh aan hom gemaak het (*Gal 3:29*).

Deur die geloof het ons almal "kinders van Abraham" geword (*Gal 3:7*). Dit is (geestelik gesproke) 'n noue of boesem verhouding met Abraham. Ons moet in noue kontak met Abraham wees om deel te hê aan die belofte. Dit was bedoel toe daar gesê was dat die regverdige Lasarus na "Abraham se boesem" geneem was.

### **Wanneer sal Abraham en Lasarus werklik die beloftes ontvang?**

*Heb 11:39 En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie,*

*Heb 11:40 omdat Elohim iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.*

Die Bybel sê vir ons dat Abraham en die heiliges (sy geestelike "saad") erfgename sal wees van die belofte met die opstanding van die regverdiges tydens Yahshua se wederkoms.

Wat het met die sondige ryk man gebeur in Yahshua se gelykenis? Het hy ook gesterf?

*Luk 16:22 En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.*

*Luk 16:23 En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem.*

*Luk 16:24 En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam.*

Die woord vir doderyk word vertaal uit die Griekse woord "hades" wat die "graf" beteken. In vers 23 verwys die doderyk na die graf en nie na "gehenna" nie, want "gehenna" verwys na die toekomstige poel van vuur wat die goddelose vir ewig vernietig. Die ryk man se opstanding is duidelik vanuit 'n graf. Verder in vers 23 kan afgelei word dat Abraham en Lasarus reeds die ewige lewe in Yahshua se Koninkryk geërf het (*Matt 25:34*). Hulle was opgewek en het al vir meer as 1000 jaar geleef voordat die goddelose ryk man opgewek was ter veroordeling tot die dood in die poel van vuur (*Op 20:4-5, 13-15*). Die gelykenis sê vir ons dat die ryk man dood lê in sy graf tot en met sy opstanding.

Na die ryk man se opstanding was hy omring met die vlamme van die poel van vuur. Hy weet dat die vlamme sy lewe tot 'n einde sal bring. As gevolg van die geestelike foltering vra hy dat Lasarus net 'n bietjie water op sy tong sal sit om sy geestelike angs af te koel. Hy vra nie vir emmers of oseane vol water om die vuur te blus nie. Dit bewys verder dat hy weet hy nie in 'n ewig, folterende helvuur sal brand nie. Abraham se antwoord aan die ryk man.

*Luk 16:25 Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte.*

*Luk 16:26 En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie.*

Die groot kloof tussen die twee kante sal wees soos die verskil tussen die dood en die onsterflikheid. Diegene wat onsterflik gemaak word deur Yahshua sal nooit sterf nie, omdat hulle die ewige lewe beërwe het. Abraham en Lasarus staan aan die onsterflike kant van die kloof en die ryk man staan aan die sterflike kant van die kloof in die midde van die dreigende vlamme.

Die gelykenis illustreer die ryk man as Juda wat 5 broers gehad het. Hy wou sy familie waarsku (*verse 27 en 28*) maar het nie besef hoeveel tyd verloop het sedert hy gesterf het nie en dat alle mense reeds 'n kans ontvang het vir verlossing. Die gelykenis van Lasarus en die ryk man bewys nie dat Yahweh sondaars in 'n ewige helvuur sal straf nie. Inteendeel, Yahshua gebruik die gelykenis om aan sy gehoor te verduidelik dat die opstanding (vanuit die dood) 'n werklikheid sal wees vir beide Juda en ook die nasies. Yahshua het verder probeer verduidelik dat Juda hom verwerp het en dat die nasies in die verbond ingeënt kan word deur die belofte aan Abraham, maar ook dat dit geloof in Hom (Yahshua) is wat toegang gee tot die ewige lewe in die Koninkryk; dus nie net deur die fisiese bloedlyn van Juda deur Abraham nie.

Daar is so baie mense wat 'n wanbegrip het van die hel omdat hulle nie Yahweh se Meester Plan van verlossing verstaan nie. Die wat gehoorsaam bly en volhard tot die einde sal die gratis geskenk van die ewige lewe ontvang, maar die wat volhard in hul ongehoorsaamheid sal die "loon" betaal wat hulle verdien (*Rom 6:23*). Dit is die finale of tweede dood in die poel van vuur. Dit is die twee alternatiewe wat Yahweh voor elkeen van ons plaas.

Hierdie waarhede is nie gemik om mense die skrik op die lyf te jaag, soos die wanopvatting van 'n ewige straf in die helvuur nie, maar die poel van vuur moet as 'n waarskuwing dien aan almal wat nie Yahweh se manier van lewe volg nie en totaal en al weier om dit te gehoorsaam. Hopenlik het jy ook aan jouself bewys dat die idee van 'n ewig, brandende helvuur nie op die Bybel gegrond is nie, maar 'n mensgemaakte leerstelling van die Middeleeuse era is, wat nie ondersteun word deur die Skrif nie.

### **Kortlikse samevatting:**

- 1) Die Bybel ondersteun nie 'n hellevuur waar mense vir ewig brand nie.
- 2) Die wat dood is “slaap” in die graf en is die opstanding te wagte.
- 3) Dit is almal se lot om eenmaal te sterwe en daarna voor die regterstoel van die Messias te staan om veroordeel te word.
- 4) Die regverdige sal die ewige lewe beërwe en die sondaars sal tot die dood veroordeel word (*Rom 6:23*).
- 5) Die lot van altwee groepe is verewig, nie die brandend vuur nie.